



Uit die bloute- 'n seilskip

BENODIGDHEDE: Kussing van ongeveer 30 x 30 cm, met blou, syagtige materiaal oorgetrek; 1 bol Coats Chain Mercer Nr. 8 (50-g-bolle); hekelpen van 1,25 mm.

MATE: Ongeveer 30 x 30 cm.

AFKORTINGS: ks - kettingsteek; kb - kortbeen; lb - langbeen; sp(s) - spasie(s); st(e) - steek (steke); blk(s) - blokkie(s); p(s) - picot(s); herh - herhaal; vlg - volgende; gs - glipsteek.

Filet-sp: 1lb om te begin; *2ks, slaan 2 ste of 1 sp oor, 1lb om sp te voltooi.

Blokkie: 1lb om te begin; *1lb in elk van vlg 2 ste of vlg sp, 1lb om blk te voltooi.

Picot: 3ks, gs in 1e van 3ks.

AANWYSINGS: Begin met 230ks en by lyn A-B op diagram; hekel 1e lb in 9e ks vanaf hekelpen en dan 'n ry filet-sps tot einde.

Hekel nog 10 rye filet-sps, draai altyd aan einde van ry met 5 draai-ks.

Volg diagram vir seilskipmotief en wanneer dit voltooi is, moet nog 15 rye filet-sps

gehekel word. Moenie die gare afknip nie.

OMRANDING: Hekel voort in rondtes.

1e rondte: *2kb in vlg sp, 1kb in daaropvlg lb; herh tot einde, maar hekel 3kb in elke hoek.

2e rondte: Deurgaans filet-sps, verseker dat hoeke plat lê deur (1lb, 2ks) 3 keer in elke hoek te hekel.

3e rondte: 1kb in sp, 3ks, slaan 1 sp oor, 1lb in vlg sp, 2ks, hekel 4lb in sp wat deur 2ks en 1lb gevorm word.

4e rondte: 1kb in punt van skuins blokkie wat deur die 4lb van vorige ry gevorm word, 5ks.


5e rondte: 1lb in kb, 2ks, 1kb in middelste ks van sp, 2ks,

6e rondte: 1kb in sp, 7ks, slaan 1sp oor, 1kb in vlg kb, 7ks, slaan 1sp oor, 5ks, slaan 1sp oor, 8lb in vlg sp, 5ks, slaan 1sp oor.

7e rondte: 1kb in eerste 7ks-sp, 7ks, 1kb in vlg sp, 5ks, [(1lb, 1ks) 7 keer plus 1lb] in vlg 8lb, 5ks.

8e rondte: (1lb, lp) 7 keer in vlg 7lb, 1lb in laaste lb van "waaier", 5ks, 1kb in vlg sp, 5ks. Knip garing af en werk netjies af. ●

DIAGRAM



SLEUTEL TOT DIAGRAM

□ — 1 spasie ☒ — 1 blokkie